*Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

**Omgang met bewoners van ander hemelliggame? "In die huis van My Vader is baie wonings!"**

**NO: 7601** Deur die heelal trek ontelbare hemelliggame op hulle baan en elkeen het hulle taak, naamlik **om te help met die voltooiing van onryp geeste.** En so begryp julle nou ook die woorde: "**In die Huis van My Vader is baie wonings!**".

En elke hemelliggaam neem die siele op van wie die toestand van rypheid volgens die omstandighede op die hemelliggaam aangepas is - of anders gesê - die moontlikheid om hulleself op elke hemelliggaam te voltooi is anders en na gelang daarvan word die siele wat tot voltooiing moet kom, ook daarheen oorgeplaas. Maar steeds is die lewensvoorwaardes ook anders, omdat alle hemelliggame volgens hulle aard en hoedanigheid verskillend is van mekaar en daar kan aan die mense op aarde geen nadere beskrywing gegee word nie, omdat baie daarvan onbegryplik vir hulle sou wees **en 'n geestelike insig vereis om begryp te kan word.**

Maar daar is vir alle siele, in elke graad van rypheid ook die herkenbare hemelliggame om tot voltooiing te kom, waar die siele hulself positief kan ontwikkel indien hulle van goeie wil is. Want ook daar word met **die vrye wil van die geestelike wese rekening gehou**, ook is geestelike dwang daar uitgeskakel, ofskoon die aangewese lewensvoorwaardes die wese in 'n sekere dwangposisie plaas, om homself daarby te voeg, omdat 'n bestaan op so 'n hemelliggaam andersins nie moontlik sou gewees het nie. En oral word opheldering aan die wesens geskenk oor **die doel van hulle bestaan.**

Óf hulle nou die lig aanneem en benut staan hulle vry, maar dit is egter beslissend vir hulle opwaartse ontwikkeling. Maar al hierdie skeppingswerke van God is "**wonings in die Huis van die Vader**".

En gevolglik sal al die geeste tog eenmaal die graad van voltooiing bereik, waarin hulle die aards-materiële skeppings (**planete en sonne**) kan verruil vir suiwer geestelike skeppings, wat julle mense nie met julle aardse oë mag aanskou nie.

Want alles wat vir julle sigbaar is, is steeds nog skeppings wat wesens herberg **wat hulself nog moet voltooi.** Daarenteen is die reeds volmaakte wesens dan ook in die ligryk werksaam en het geen sigbare skeppings meer as verblyfplek nodig nie.

Maar al hierdie skeppings is eindeloos vêr van mekaar verwyder en **ook nie vir mekaar bereikbaar nie**. Die bewoners van al hierdie hemelliggame is aan hulle eie wêreld gebonde, aan die hemelliggaam wat hulle dra. Slegs na die bereiking van 'n bepaalde graad van rypheid kan hulle van verblyfplek verwissel, maar nie willekeurig nie, maar altyd volgens die grondwet van God, waarby al Sy skeppings hulself moet voeg, asook al die wesens wat aan hierdie skepping toebedeel is.

Daarom is dit onsinnig om aan te neem dat bewoners van hierdie hemelliggame hulself willekeurig kan verwyder en na ander hemelliggame kan gaan, sonder om bevrees te moet wees vir hulle eie vernietiging. **Want die lewensomstandighede op alle hemelliggame is anders** en dit kan nie eiemagtig tersyde geskuif word nie.

Gedurende die eindtyd sal sulke planne egter ook gemanipuleer word. Die teenstander van God sal die **liggelowigheid van die mense gebruik**, deurdat hy aan hulle sal voorspel dat hulle verbindinge kan hê met bewoners van ander wêrelde - en dat hulle uit skynbaar goeie motiewe ook kontak wil maak met die mense op aarde. Want die teenstander probeer om een ding daarmee te bereik, naamlik om die **geloof** aan die einde van die ou aarde **te ondermyn**, om so die mense te verhinder om hulself vir die einde voor te berei.

Die mense moet egter daaroor ingelig word, dat die aarde 'n hemelliggaam op sigself is, **wat geen verbinding het met ander wêrelde nie** en dat alle verbinding met die bewoners daarvan slegs **geestelik** tot stand gebring kan word.

Dat die mens homself dus wel met bewoners van hoër wêrelde van die ligryk kan verbind **deur goeie gedagtes** - vraend om hulp in geestelike nood - wat hom ook wel geestelik gegee sal word - maar dat dit vir hom **nie raadsaam is om wesens van hemelliggame aan te roep**, waarvan hy nie weet in welke graad van geestelike rypheid hulle hulself bevind en of hulle hom geestelike hulp sal kan verleen nie.

In elk geval kom aardse hulp nie in aanmerking nie, - soos wat God se teenstander die mense sou wil laat glo dat hierdie wesens, voor 'n vernietiging van die aarde, hulle invloed op die bewoners van die aarde sou laat geld. **Ware hulp kan slegs deur God verleen word** en as die tyd wat julle mense vrees, aangebreek het, as julle daaraan glo, verleen Hy dit ook aan elkeen wat tot Hom bid. En Hy het waarlik **genoeg engele** wat slegs op Sy Wil ag slaan om dit uit te voer en hulle sal hulself ook oor die mense bekommer, wanneer die uur aangebreek het.

Maar God se teenstander het in die **liggelowigheid** van die mens 'n goeie bodem gevind, waarin hy waarlik baie slegte saad kan saai. En die mense neem eerder al hierdie onderrigting van sy kant aan as die suiwer waarheid, wat ook kenmerkend is vir die waarde van sy saaigoed. Want steeds probeer die mens 'n voordeel vir homself uit die dwaling behaal en **wys hy die waarheid af**, wat hom nie hierdie voordeel beloof nie.

Die einde is naby en kom onherroeplik - en elke leer is vals wat die einde in twyfel trek, of wat aan mense 'n uitweg verkondig wat nie volgens die wil van God is nie. Want God neem Self elke mens uit alle gevaar wat na Hom toe vlug, wie aan Syne behoort, wie die einde nie hoef te vrees nie. Amein.